# Selfbeskikking

*Om die ideaal na 'n werklikheid te neem*

## *A: Inleiding*

Orania is 'n gemeenskap gevorm rondom die ideaal van selfbeskikking. Ieder en elk van ons wat in Orania woon het met die opneem van ons Verblyfreg onderneem dat ons hierdie ideaal van selfbeskikking ondersteun.

Vir die rede hoekom ons hierdie ideaal nastreef, stel dr. Wikus Buys die doel soos volg: "*Om as verloste volksgemeenskap die besluite tot vrye aanbidding te maak en plekmatig uit te voer.*"

Diegene wat die oogmerk van selfbeskikking reg verstaan sal dan ook verwys na "vryheid tot..." en nie "vryheid van..." nie. As jou bedoeling hierin reg is, is jou strewe tot selfbeskikking primêr nie gebou op vryheid van misdaad, ander rasse, swak ekonomiese omstandighede en dies meer nie, maar vryheid tot die voorreg om besluite tot vrye aanbidding as volksgemeenskap te maak en uit te voer.

Uit voormelde beteken dit om selfbeskikking suksesvol deur te voer vereis nie 'n ingesteldheid van vlug van iets nie, maar 'n ingesteldheid van bou tot iets. Alhoewel dit na 'n nuanse verskil mag lyk, manifesteer hierdie ingesteldheid op duidelik verskillende wyses binne ons volk.

Prof. Koos Malan beskryf selfbeskikking vanuit 'n regsoogpunt soos volg: *Selfbeskikking impliseer (…) die reg van 'n gemeenskap om (deur sy verteenwoordigers) en rakende aangeleenthede wat die gemeenskap se belange raak wetgewende besluite te neem en dit af te dwing. Dit impliseer noodwendig die een of ander vorm van selfregering, wat in staatsregtelike sin noodwendig veral wetgewende (en uitvoerende) bevoegdhede omvat.*

Maar wat beteken hierdie reg op selfbeskikking? Kan ons dit prakties in Orania toepas?

## *B: Om eerlik en realisties te wees*

Selfbeskikking is 'n regskonsep. Ingevolge die reg is daar sekere voorwaardes en vereistes waaraan 'n volk moet voldoen indien daardie volk eerlik en realisties oor hul ideaal om

selfbeskikking te bereik wil wees. Indien ons hier in Orania ernstig is oor selfbeskikking, moet ons bereid wees om die praktiese vereistes en stappe daartoe soos dit in die internasionale reg gevind word deur te voer. Indien ons egter nie selfbeskikking as strewe binne die geldende reg uitbou nie, is ons eenvoudig nie met selfbeskikking besig nie. Dan is ons eintlik oneerlik.

Om dit prakties te illustreer kan die volgende gestel word: Die basiese bestanddele nodig om ’n koek te bak is koekmeel, botter, melk, eiers, suiker en bakpoeier. Altans vir hierdie voorbeeld. Wat egter gebeur is dat daar persone is wat passievol glo dat daar nie eiers in die koekbeslag moet wees nie, maar wel Bullybeef. As jy op hierdie punt besig is om eiers vir die beslag gereed te kry, is hy woedend vir jou en slinger skeldname in jou rigting aangesien jy nie wil toegee dat Bullybeef die eiers moet vervang nie.

Met selfbeskikking is dit dieselfde: Daar is sekere wesenlike vereistes waaraan ons moet voldoen om van ons ideaal ’n werklikheid te maak, maar dan kry jy ongelukkig volksgenote wat woedend reageer as jy aan daardie gegewe vereistes probeer voldoen. Volgens hulle is dit onaanvaarbaar dat jy met sekere eie instellings, of planne, of ontwikkeling, of beleid besig is. Die realiteit is dat die regsbeginsels op selfbeskikking ’n gegewe feit is. Orania het nie hierdie regsbeginsels uitgedink nie, maar moet binne hierdie raamwerk funksioneer. Om die gegewe feite te ignoreer en in ’n feëverhaal van self-uitgedinkte regsvereistes te funksioneer sou seker lekker wees, maar jy is bloot besig om jouself tydelik te flous totdat die werklikheid van mislukking op jou neerdaal.

Ons kan dus nie sê ons streef die ideaal van selfbeskikking in Orania na as ons nie eerlik en opreg die vereistes wat hierdie reg stel nakom nie.

Ons moet nie slegs eerlik wees nie, maar ook realisties: Vir ’n ideaal om suksesvol te wees is dit nodig dat dit vanuit die realiteit en met ’n verrekening van die realiteit gebou word. Anders bly drome bloot drome en word nie self later die werklikheid nie. Die realiteit is dat ons as Afrikaners die politieke mag in Suid-Afrika verloor het. Daar is vir Afrikaners werklike en wesenlike ekonomiese- en politieke faktore wat ons nie kan ontken of ignoreer nie.

Om ’n strategie te volg vereis ten eerste en ten diepste ’n eerlike ontleding van die werklikheid en die uitdaging waarmee ons te make het. Dit beteken eenvoudig dat ons die werklikheid in ag moet neem. Orania se strategie word berekend gegewe hierdie realiteit waarmee Afrikaners te make het in werking gestel. Orania vestig en bou ’n gemeenskap wat die werklikhede van die dag verreken.

Indien ons nie realisties oor die werklikhede van ons tyd is nie, maar veral nie eerlik met die regsvereistes en voorwaardes van selfbeskikking omgaan nie, kan en mag ons nie dan voorgee dat ons selfbeskikking nastreef nie. As ons egter van die realiteit en die vereistes van selfbeskikking bewus is, maar dan willens en wetens teen hierdie werklikheid optree, is ons eintlik dan oneerlik. Dit mag ons nie wees nie. Elke Oraniër het ’n onderneming daartoe gegee dat hy of sy hulself tot die ideaal van selfbeskikking verbind. Indien ’n persoon welwetend wat die voorvereistes vir selfbeskikking is ander teenstrydige eise stel, is daardie persoon dan inderdaad nie eerlik met homself en die gemeenskap nie.

Byvoorbeeld, ’n ingesteldheid om die regskonsep “selfbeskikking” te misbruik as ’n manier om eintlik na apartheid terug te hunker, is nie selfbeskikking nie. ’n Ingesteldheid om op selfbeskikking te wil steun om daardeur aanspraak te maak dat Orania ’n rasgedrewe dorp of ’n “wit dorp” moet wees is eenvoudig nie selfbeskikking nie, maar wel ’n poging om ons volk se edele strewe van selfbeskikking te verongeluk. Om die term “selfbeskikking” te gebruik

om daarop aanspraak te maak dat Orania nie moet groei nie, nie van 'n dorp na 'n stad na 'n streek moet ontwikkel nie, is ook geen vorm van selfbeskikking nie, maar wel in werklikheid die behoefte om in isolasie en die kleine te versmoor. Vir sommige mense beteken selfbeskikking byvoorbeeld dat daar onmiddellik ekonomiese voordele in Orania moet manifesteer, terwyl diegene met 'n ingesteldheid van bou na selfbeskikking besef daar is baie opofferings wat gemaak moet word. Selfbeskikking kan nie 'n mooi beskrywing wees om onmiddellik onrealistiese verwagtinge te kweek nie. Ongelukkig kry jy ook 'n paar individue wat poog om die begrip "selfbeskikking" te misbruik om hul eie gewin, 'n vorm van teuellose vryheid sonder orde en reëls, voor te staan. Dit is egter geensins wat selfbeskikking beteken nie.

Selfbeskikking is niks minder nie as 'n proses, nie 'n toekomstige oomblik nie, waar ons stap vir stap moet bou na 'n groter vlak van selfbeskikking. Orania is besig met daardie proses en inderdaad reeds besig om groeiende selfbeskikking uit te leef. Ons kan dus nie die regsvereistes vir selfbeskikking "uitstel" nie, maar is nou reeds verplig om dit na te kom en deur te voer.

### *C: Die groot uitdaging: Om ons mense te oortuig om in vryheid te glo*

Daar is 'n onaangename maar gegewe verdere feit waarvan ons moet kennis neem: 'n Groot deel van ons mense, Afrikaners die wêreld oor en selfs in Orania, wil nie eintlik vry wees nie. Daar loop 'n sterk streep selfsugtige individualisme deur ons volk, waar kortstondige ekonomiese- en ander eiegeregtige belange swaarder weeg as die gemeenskaplike. Daar is 'n verknogtheid aan Suid-Afrika en sien jy daardie Suid-Afrikanisme sterk na vore tree.

Om hierdie ingesteldheid aan te spreek vereis eweneens 'n eerlike ontleding en strategiese antwoord: Om ons volk sovêr te kry om in te koop op die mees basiese stappe van selfbeskikking benodig onder andere 'n effektiewe kommunikasie strategie. Dit is om die antwoorde wat Orania bied sodanig te verpak en oor te dra dat ons volk die sin daarvan insien dat daar nie logika daarin steek om vir ewig as 'n blote miskende minderheid aan die tirannie van 'n kunsmatig saamgeflanste nasie en staat onderwerp te word nie.

Hierdie kommunikasie moet egter sodanig verpak en oorgedra word dat volksgenote met ons saamgeneem word. Die proses van selfbeskikking moet 'n verantwoordelike en volhoubare proses wees. Daarvoor benodig ons verantwoordelike kommunikasie en nie kommunikasie wat irrasioneel en verwyderd van die werklikheid is nie. Kommunikasie wat ekstreme eise daarstel klink dalk vir 'n klein groepie goed op die oor, maar bereik nie ons volk in gunstige terme nie. Ons volk verkeer in magsverlies en met die letsels van 'n vorige bedeling se onnatuurlike klem op ras in trauma. Dit is gesonde kommunikasie wat die realistiese uitlig en bereikbare doelwitte daarstel wat die meeste sukses bereik.

### *D: Regsbasis: Die ontwikkeling van die reg op selfbeskikking*

Voor die 1900's was daar nie 'n algemeen erkende reg op selfbeskikking nie en het dit meer die vorm van 'n politieke strewe aangeneem. In 1918 het die destydse president van die VSA, Woodrow Wilson, in sy 1918-toespraak waarin hy sy Veertien Punte vir vrede na afloop van die Eerste Wêreldoorlog uiteengesit het spesifiek selfbeskikking as 'n beginsel bevorder. Die reg op selfbeskikking het derhalwe begin vorm aanneem, maar die toepassing daarvan was besonder selektief en is gekoloniseerde streke geïgnoreer.

Die Volkebond, gevorm na afloop van die Eerste Wêreldoorlog, het nie formeel selfbeskikking as 'n reg erken nie.

Die Tweede Wêreldoorlog het egter ‘n omvattende invloed op die ontwikkeling van die internasionale reg gehad. Die omvang van menseverlies met gepaardgaande oorlogsmisdade het daartoe gelei dat die internasionale statery meer duidelike maatreëls en verbintenisse tot volhoubare vrede daargestel het. Die Verenigde Nasies het die Volkebond vervang en erken hierdie organisasie se Handves (1945) selfbeskikking as ‘n regsbeginsel. Artikel 1(2) daarvan stel dat daar “*respek vir die beginsel van gelyke regte en selfbeskikking van volke*" moet wees. Die reg op selfbeskikking as internasionaal-erkende reg het voortaan as regsbeginsel sterk ontwikkeling getoon. Die dekolonisasie-beweging van die 1950’s tot die 1970’s was onder hierdie reg verklaar en tuisgebring, wat ‘n groot invloed op die latere interpretasie van die reg op selfbeskikking gehad het.

Die VN-deklarasie oor die toekenning van onafhanklikheid aan koloniale lande en volke (1960) het die reg van alle koloniale volke op selfbeskikking en onafhanklikheid bevestig.

Verdere internasionale verdrae uit die 1960’s wat relevant is, is die Internasionale Verdrag oor Burgerlike en Politieke Regte (ICCPR) en die Internasionale Verdrag oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte (ICESCR) wat beide dieselfde bewoording in artikel 1 daarvan bevat:

"*Alle volke het die reg op selfbeskikking. Op grond van daardie reg bepaal hulle vryelik hul politieke status en streef hulle vryelik na hul ekonomiese, sosiale en kulturele ontwikkeling.*"

## *E: Regsbasis: Die moderne voorkoms van die reg op selfbeskikking*

Die moderne voorkoms van die reg op selfbeskikking is egter nie met regsekerheid gevul nie en staan dan ook as ‘n kontroversiële reg bekend. Die rede hiervoor is dat hierdie reg met ander gevestigde regte in balans gebring moet word.


Ten aansien van die moderne voorkoms van selfbeskikking moet kortliks veral twee aspekte uitgewys word, naamlik die regsbeginsel wat bekendstaan as uti possidetis (territoriale integriteit) en die onderskeid wat getref word tussen interne- en eksterne selfbeskikking.

Die regsbeginsel van uti possidetis slaan ag op die territoriale integriteit van ‘n staat. Oorspronklik 'n regsbeginsel in die Romeinse Reg, het hierdie beginsel ontwikkel om te beteken dat territoriale grense ten tyde van onafhanklikheid as die amptelike grense van ‘n nuwe staat behoue bly, selfs al is daardie grense tydens koloniale bewind gevestig en die grense nie etniese, kulturele of historiese verdelings weerspieël nie. Die rede hiervoor is dat konflik oor die grense van nuwe state meestal dan uitgesluit word. Dit pas ook die hoofrolspelers in die internasionale reg, naamlik state, aangesien hulle hierdie regsbeginsel meestal effektief as verweer teen enige aanspraak op territoriale (eksterne) selfbeskikking kan opper. Dat hulle ook dit doen is inderdaad so, aangesien die meeste aansprake op eksterne selfbeskikking, met enkele uitsonderings na, deur die toepassing van die beginsel van uti possidetis gesmoor word. In Afrika, gegewe sy koloniale agtergrond, is hierdie regsbeginsel baie sterk gevestig. Einste die VN-deklarasie oor die toekenning van onafhanklikheid aan koloniale lande en volke (1960), soos reeds na verwys, kwalifiseer die reg op selfbeskikking met die volgende voorwaarde:

> *(Par. 6) “Any attempt amied at the partial or total disruption of the national unity an territorial integrity of a country is incompatible with the Purposes and Principles of the Charter of the United Nations.”*

Die gevolg van hierdie regsbeginsel (uti possidetis) gee egter aanleiding tot die voorkoms van absurde toestande waaronder volke, veral in voormalige koloniale gebiede, tussen verskeie state versprei is, of saam met 'n veelvoud ander volke in een staat saamgebondel is. Afrika sigself is onderwerp aan grense soos meestal arbitrêr deur Westerse moondhede op onder andere die Berlynse Konferensie van 1884 ooreengekom, met stukke van Afrika wat in Europa onder die deelnemende moondhede soos pryse onder mekaar uitgedeel is. Dit het ook geskied sonder enige inspraak van Afrika se mense. Hierteenoor het die grense van byvoorbeeld Europa oor eeue heen meer natuurlik en organies rondom volke ontwikkel.

Hier kan as voorbeeld die kaart van Suid-Afrika in sy korresponderende grootte oor Europa geplaas voorgehou word. Soos waargeneem kan word strek Suid-Afrika oor 'n baie groot oppervlakte van Europa. Waar ons in Europa 'n veelvoud van state binne dieselfde grootte gebied aantref, is daar egter in Suid-Afrika 'n veelvoud van volke en gemeenskappe met onversoenbare kulture binne een kunsmatige staat saamgeforseer. Die regsbeginsel van uti possidetis verhoed egter dat die grense van Suid-Afrika sommermeer bloot mag verander.




Die gegewe feit is dat eksterne selfbeskikking, waar dit inhou dat nuwe grense getrek moet word, slegs in hoogs uitsonderlike omstandighede toegestaan word. Dit kan gebeur waar:

- ernstige menseregte-vergrype of onderdrukking voorkom,
- 'n volk die slagoffer van aggressiewe oorlogvoering of geweld is; en,
- 'n volk demokratiese deelname geweier word, waar regte ontken word of met hoë vlakke van diskriminasie.

Dit is in teorie wel moontlik dat die staat wat die toegewing moet maak dienooreenkomstig tot die trek van nuwe grense instem, maar is dit nie 'n gegewe dat die internasionale gemeenskap sodanige nuwe grense sal aanvaar nie.

In Suid-Afrika word daar sterk op die beginsel van territoriale integriteit van Suid-Afrika deur die staat maar ook vele ander rolspelers gesteun. Verskeie uitsprake en beleidstandpunte deur verskeie rolspelers wys daarop dat hul die soewereine status van Suid-Afrika beklemtoon en wil beskerm.

Vanuit voormelde regsbeginsel van uti possidetis het daar om onder andere pragmatiese redes 'n onderskeid in hoofsaaklik twee vorme van selfbeskikking ontwikkel.

- Ten eerste is daar eksterne selfbeskikking, die trek van nuwe grense en die vorming van 'n nuwe staat. Soos vermeld gebeur dit hoogs uitsonderlik.
- Ten tweede is daar interne selfbeskikking. Dit is waar 'n groep of volk in 'n mindere of meerdere mate 'n vorm van outonomie vanaf die territoriale staat ontvang. Dit neem vorme aan soos 'n kanton, of akkoorde rakende spesiale ekonomiese- of kultuursones, afgewentelde magte op plaaslike vlak, die uitoefening van minderheidsregte of federalisme. Jy bly dus deel van die groter staat, maar ontvang die reg om oor vele aspekte wat jou eie gebied of mense raak self besluite te neem.

Daar is, so kontroversieel soos die reg op selfbeskikking is, ook tereg 'n debat rakende die indeling tussen interne en eksterne selfbeskikking en moontlike ander vorme daarvan. Gegewe ons realiteit word vir praktiese redes met hierdie indeling volstaan.

## *F: Regsbasis: Artikel 235*

Dit is juis op hierdie punt waar dit nodig is om die inhoud van artikel 235 van die Grondwet van Suid-Afrika bondig te behandel. Die betrokke artikel lui soos volg:

> *"Die Suid-Afrikaanse bevolking, as geheel, se reg op selfbeskikking soos in hierdie Grondwet vergestalt, belet nie, binne die raamwerk van die reg, die erkenning van die konsep van die reg van enige gemeenskap wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel, op selfbeskikking binne 'n territoriale entiteit in die Republiek of op enige ander wyse soos deur nasionale wetgewing bepaal."*

Ongelukkig word hierdie artikel in 'n mate verkeerd gelees en verstaan. Prof. Koos Malan, 'n bekende en uitsonderlike konstitusionele juris, bied 'n akkurate interpretasie en waarvan dit die moeite werd is om verbatim enkele aspekte daarvan uit te lig:

- *Die artikel is 'n magtigende bepaling (dus nie bemagtigend nie), waaruit geen regstreekse regte vir gemeenskappe met 'n gemeenskaplike kultuur – en taalerfenis spruit nie.*
- *Dit kan dus nie regstreeks aangewend word om die soort selfbeskikkingsreg waarna daarin verwys word, af te dwing nie.*
- *Dit magtig egter wel die aanneem van nasionale wetgewing waardeur in konkrete terme uitdrukking aan hierdie reg gegee kan word. Selfbeskikking kragtens die bepaling verkry dus eers praktiese betekenis wanneer die wetgewing wat daarin in die vooruitsig gestel word, aangeneem is.*

- *Sodanige wetgewing is egter aan streng voorwaardes onderhewig. Enige wetgewing daar kragtens moet natuurlik aan artikel 235 voldoen en moet met die res van die Grondwet harmonieer, anders is dit ongrondwetlik en gevolglik nietig.*
- *Wanneer artikel 235 in isolasie gelees word, blyk dit met die eerste blik belofte vir 'n aansienlike graad van selfbeskikking in te hou. Veral die spesifieke vermelding van selfbeskikking op territoriale grondslag skep daardie indruk. Grondwetlike bepalings, soos trouens die bepalings van enige wet, moet egter in samehang met mekaar oorweeg word ten einde die werklike betekenis en praktiese trefwydte daarvan te peil.*
- *Wanneer dit by artikel 235 kom, moet dié bepaling veral in samehang met die bepalings oor wetgewende magte oorweeg word. Hierdie bepalings bring spoedig aan die lig dat artikel 235 beduidend meer beperk is as wat die eerste lees daarvan suggereer.*
- *Artikel 235 is wel benutbaar vir twee dinge: eerstens, vir die afwentel van beperkte ondergeskikte wetgewende bevoegdhede onder toesig van die nasionale regering; en tweedens, vir beperkte selfbeskikking op plaaslike regeringsvlak. Dit, natuurlik op voorwaarde dat wetgewing vir dié doel aanvaar word en alleenlik vir solank as wat die nasionale regering nie sulke wetgewing herroep of wysig nie.*

Bovermelde vereiste, naamlik dat artikel 235 in samehang met die res van die Grondwet gelees moet word, bring as voorbeeld artikel 1 van die Grondwet na vore:

> *Die Republiek van Suid-Afrika is een, soewereine, demokratiese staat gegrond op die volgende waardes:*
>
> *a. Menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die bevordering van menseregte en vryhede.*
>
> *b. Nie-rassisme en nie-seksisme.*
>
> *c. Oppergesag van die grondwet en die oppergesag van die reg.*
>
> *d. Universele stemreg vir volwassenes (...).*

Ons kan nie artikel 235 isoleer en byvoorbeeld maak of artikel 1 van dieselfde wet nie bestaan nie. 'n Strewe na selfbeskikking ingevolge artikel 235 maar waar ons byvoorbeeld die oppergesag van die reg ignoreer is eenvoudig geen strewe na selfbeskikking nie.

Indien artikel 235 korrek gelees word, moet ons feitlik daarvan kennis neem dat hierdie artikel nie aan ons eintlik magte gee nie, maar wel 'n geleentheid om daardie magte op te neem. Dit geskied egter ten eerste langs die weg van interne selfbeskikking.

Is die deur tot eksterne selfbeskikking dan toe? Nee. Wat wel belangrik is, is dat die internasionale reg ongeag artikel 235 of enige ander nasionale wetgewing nog steeds bestaan en dienooreenkomstig van toepassing is. Sien hier spesifiek art. 233 van die Grondwet:

> *"By die interpretasie van enige wetgewing moet elke hof enige redelike interpretasie van die wetgewing wat met internasionale reg ooreenstem, verkies bo enige alternatiewe interpretasie wat met internasionale reg strydig is."*

Om by eksterne selfbeskikking uit te kom gaan egter vereis dat ons feitlik korrek die vereistes van selfbeskikking nakom. Dit sluit in dat ons ten eerste ons remedies uitoefen, insluitend alle

opregte pogings om die geleentheid tot interne selfbeskikking op te neem. Weereens, 'n volk "spring" nie maar net na 'n "volkstaat" nie, maar bou stap vir stap van onder af en vanuit die werklikheid aan die ideaal.

## *G: Regsbasis: Die realiteit*

Die realiteit, oftewel die eenvoudige feit, is dat die beginsel van uti possidetis ons aanspraak op eksterne selfbeskikking wesenlik inperk. Dit word verder bevestig deur die korrekte interpretasie van artikel 235 en die geldende regsreëls van toepassing by die reg op selfbeskikking.

Met bovermelde word nie gestel dat ons volk se vryheidstrewe dan maar onbereikbaar is nie, maar wel dat ons realisties met die werklikheid moet omgaan. Op sosiale media en binne sekere organisasies is dit maklik om wilde en opruiende uitsprake te maak, maar in Orania moet ons verantwoordelik kommunikeer en by die waarheid bly. Dit is vir sommige mense moeilik om te verstaan hoekom Orania nie bloot praat nie, maar werklik die hand aan die ploeg slaan welwetend dat ons pad van vryheid 'n lang proses gaan wees. Die rede is egter dat ons strewe na selfbeskikking nie 'n wilde en opruiende oomblik is nie, maar die vorm van 'n verantwoordelike proses aanneem.

Die gedagte van slegs interne selfbeskikking is van nature nie goed genoeg nie. Die gegewe feit, of ons daarvan hou of nie, is egter dat geen volk van niks na alles "spring" nie. Daar bestaan nie onder vreedsame omstandighede die moontlikheid om eksterne selfbeskikking af te dwing waar sodanige volk nie eers die moeisame, maar tog reeds vreugdevolle, pad van interne selfbeskikking geloop het nie. Die strategie om stelselmatig meer en meer magte en regte binne die bestaande orde vir Orania te skep of te onderhandel is nie maar slegs omrede ons mense nog nie gereed is vir eksterne selfbeskikking nie, dit is eenvoudig omdat ons geen ander keuse het nie.

Dit is in die emosie van die oomblik verstaanbaar as 'n inwoner van Orania mag opspring en uitroep dat hy 'n volkstaat en niks minder nie soek, maar ongelukkig verstaan so 'n persoon nie hoe die reg op selfbeskikking werk nie. Diegene wat sodanige eise daarstel dat hulle onmiddellik 'n volkstaat en niks minder nie soek, is eerder besig om die verantwoordelike en volhoubare proses om stap vir stap volgens die reg (maar ook die werklikheid) na selfbeskikking te vorder skade aan te doen. As ons werklik ernstig oor vryheid is, moet ons bereid wees om stap vir stap te bou na eksterne selfbeskikking. Daardie proses beteken dat ons met dankbaarheid na elke sukses van interne selfbeskikking moet kyk en daarop verbeter. Anders is ons nie besig met selfbeskikking nie.

Die belangrike les hierin is dat ons in ieder geval nooit by eksterne selfbeskikking sal uitkom waar ons nie eers doelgerig en met geduld aan interne selfbeskikking bou nie. Dit is die logiese en ook enigste regsroete wat daar vir ons beskikbaar is. Waar die wese van selfbeskikking verstaan word, is dit dan ook eintlik onverklaarbaar as iemand sou aanvoer dat ons nie reeds in Orania 'n mate van selfbeskikking geniet nie. In Orania kan ons reeds oor vele sake selfbestuur toepas. Soos vermeld is selfbeskikking 'n proses, nie 'n eindpunt of latere oomblik nie en is die verantwoordelike benadering daartoe om stelselmatig en volhoubaar na hoër vlakke van selfbeskikking te bou.

## *H: Die regsvereistes vir selfbeskikking*

Vanuit voormelde inleiding en regsbasis het daar redelik duidelike regsvereistes vir die verkryging van selfbeskikking gemanifesteer. Hierdie onderskeie regsvereistes is prakties van aard en nie bloot teoretiese gedagtes nie.

Soos aan die begin vermeld: Indien ons werklik eerlik met ons strewe na selfbeskikking omgaan, behoort ons dienooreenkomstig op hierdie regsvereistes ernstig ag te slaan. Indien ons willens en wetens hierteen in opstand kom of pogings deur ons instellings om hieraan te voldoen probeer verongeluk, is ons met niks minder nie besig as om Oraniërs die geleentheid tot vryheid te ontneem.

Die regsvereistes wat vervolgens hierin vermeld word, is natuurlik 'n opsomming van 'n omvattende en kontroversiële reg. Dit dien vermeld te word dat daar by verskeie vereistes nuanse verskille in praktyk is, soms meer wesenlik. Die bedoeling hierin is om die mees algemeen en toepaslike geldende reg deur te gee.

Die onderskeie regsvereistes vir die uitoefening van selfbeskikking kan ingedeel word in 'n kernvereiste, onderhewig aan voorwaardes vir die daarstel van interne selfbeskikking en waarop dan <u>uitgebrei</u> word met verdere vereistes ten einde eksterne selfbeskikking daar te stel.

**Die Kernvereiste:**

**Selfbeskikking kan deur 'n groep mense met 'n gedeelde kultuur en taal, wat 'n minderheid in 'n staat vorm, maar 'n meerderheid in genoegsame getalle in 'n bepaalde gebied uitmaak, opgeneem word; met die volgende voorwaardes:**

- **a. In samehang met ander regte en wetgewing, met klem op nie diskriminasie nie.**
- **b. Legitieme wyse (in SA erkenning deur owerheid met verkieslik gepaardgaande wetgewing).**
- **c. Deurgevoer deur politieke liggaam en instellings wat onderling erkenning en geloofwaardigheid geniet.**
- **d. Nie by wyse van geweld, oorlogvoering.**

Die kernvereiste strook in 'n groot mate ook met die oogmerk van artikel 235 van die Grondwet, synde 'n groep wat dieselfde taal en kultuur deel, verteenwoordig deur hul politieke liggaam, in samehang met ander wetgewing en regte, op vreedsame wyse binne 'n bepaalde gebied maar ondergeskik aan nasionale wetgewing, hul reg op selfbeskikking kan opneem.

Hierdie kernvereiste kan opgebreek word en op Orania van toepassing gemaak word. Ten aansien van die kernvereiste vir selfbeskikking, kan ons dit opdeel in daardie aspekte wat ons moet doen of bereik, en daardie aspekte wat ons nie moet doen nie.

**Wat moet ons doen?**

- **Ons moet Afrikaners, op die grondslag van 'n gedeelde kultuur en taal, in Orania vestig.**

Hierdie vereiste wys op die eie unieke identiteit van die groep, of volk soos ons dit noem, wat selfbeskikking wil opneem. Die bewoording kom egter spesifiek in die internasionale

reg asook in artikel 235 van Suid-Afrika se Grondwet voor: Dit is die groep wat dieselfde taal en kultuur deel. Taal spreek vanself. Met kultuur word bedoel kultuur, nie ras nie. Kultuur verwys in die sekulêre regsomgewing na sodanige gebruike en gewoontes wat 'n volk onderling deel en uniek uitmaak. Gedrag en gebruike is kultuur, voorkoms is nie kultuur nie.

- **Ons moet Afrikaners in groter getalle in Orania ("bepaalde gebied"), maar ook later die groter streek, vestig.**

Demografie en getalle. Dit is die beste manier om hierdie vereiste te beskryf.

Ten eerste moet die volk wat selfbeskikking opeis demografies die meerderheid in 'n bepaalde gebied vorm. Nie 'n verspreide gebied van klein dorpies met ander volke tussen-in nie. Dit moet dieselfde gebied wees. Die beleid van die gebruik van eie arbeid in Orania is derhalwe hier deurslaggewend.

Ten tweede, en meer nog, moet die volk wat selfbeskikking opeis voldoende getalle uitmaak. Vir eksterne selfbeskikking is hierdie vereiste van selfs nog groter belang. 'n Klein groepie Afrikaners in Orania sal realisties met hoogs beperkte regte en magte tevrede moet wees. Groter getalle beteken egter dat 'n streek gedomineer word en, volhoubaar, ons op meer regte en magte kan aanspraak maak.

Orania se strategie om te werk en bou van 'n dorp na 'n stad na 'n streek, sluit van nature aan by hierdie belangrike kernvereiste vir selfbeskikking. Daar is ongelukkig enkelinge wat teen hierdie strategie gekant is, maar dan moet hul ook ten minste eerlik daarin wees dat hulle nie eintlik selfbeskikking vir ons volk nastreef nie. Om 'n stad te bou is nie die kernvereiste vir selfbeskikking nie, maar is dit die wyse waarop aan die kernvereiste voldoen word. Die eenvoudige waarheid is dat ons nie selfbeskikking ten volle kan opneem waar ons nie na behore aanhou daaraan werk om ons getalle en voetspoor te vergroot nie.

- **Ons moet onderling ons eie instellings en politieke liggaam vestig, uitbou en die nodige erkenning en geloofwaardigheid laat geniet.**

Die organisatoriese uitbou van 'n gemeenskap is belangrik. Waar daar onderling nie erkenning en geloofwaardigheid aan die politieke liggaam en instellings kleef nie, is daar nie doelmatig die vermoë om selfbeskikking binne groepsverband uit te bou nie.

- **Op 'n legitieme wyse erkenning kry, verkieslik met gepaardgaande wetgewing of ander regsinstrumente.**

Ons kan in groot getalle 'n gemeenskap op 'n kulturele grondslag met gesonde en gerespekteerde instellings vestig, maar ons moet dan steeds die nodige erkenning kry. Dit geskied by die Suid-Afrikaanse staat. Ons het reeds hierin gevorder, hetsy by wyse van formele of informele erkenning. Buitelandse erkenning sal vir ons op hierdie stadium ten beste van nut wees as onderhandelings-hulpmiddel en verwante ondersteuning, maar sal daar nie nou erkenning vir eksterne selfbeskikking kan wees nie omrede ons eenvoudig nie aan die vereistes daarvan voldoen nie.

- Die aanspraak op selfbeskikking **moet in samehang met ander regte en wetgewing wees**.

In hierdie konteks is dit veral met die fokus op die restant van Suid-Afrika se Grondwet, maar speel die internasionale reg ook 'n rol. Selfbeskikking kan nie in isolasie opgeneem word nie en sal die Suid-Afrikaanse reg steeds binne Orania van toepassing wees.

- **Ons moet selfbeskikking "opneem".**

Ons ontvang dit nie, maar dit wat ons reeds het, is omrede ons dit opgeneem het. Dit vereis dat ons aktief en deurlopend moet besig wees om stelselmatig ons voetspoor te vergroot, ons getalle te vermeerder, ons instellings uit te bou en onsself by die vereistes van selfbeskikking hou.

**Ons moet ook sekere goed nie doen nie:**

- **Ons moet nie onrealisties wees en maak of selfbeskikking in isolasie van ander regte en wetgewing, of die internasionale reg, geskied nie**.

Dit werk eenvoudig nie so nie.

Die vestiging van selfbeskikking kan nie en gaan nie geskied waar ons doelbewus onsself aan menseregte-vergrype skuldig maak nie. Die mees sensitiewe vorm van diskriminasie in die Suid-Afrikaanse konteks is waarskynlik ras, maar verbied die internasionale reg ook 'n aanspraak op selfbeskikking op grond van ras. Rassisme is binne 'n opregte poging om selfbeskikking te kry gewoon onaanvaarbaar. Enige poging om aanspraak op selfbeskikking op spesifiek 'n bepaalde ras te maak, is eenvoudig nie binne die reg ontvanklik nie. Die instel van 'n beleid van rasse-diskriminasie of selfs 'n praktyk waar op ras gefokus word diskwalifiseer 'n groep se aanspraak op selfbeskikking.

In Orania word dit deurgaans en baie spesifiek aan elke nuwe intrekker gekommunikeer: Orania is nie 'n dorp vir witmense nie, dit is 'n dorp vir Afrikaners. Orania word gebou nie op ras nie, maar op taal en kultuur. Hierdie grondslag is baie spesifiek omrede Orania selfbeskikking nastreef.

Indien enigiemand egter wil aanvoer dat Orania 'n rassebeleid of -standpunt of -praktyk in werking moet stel, is daardie persoon eenvoudig besig om te stel dat hy of sy nie in selfbeskikking glo nie. Dit gaan ook teen daardie persoon se onderneming met Verblyfreg dat Orania se strewe na selfbeskikking ondersteun sal word. Weereens, hierdie is die geldende reg, of ons daarvan hou of nie. Na regte behoort ons die ideaal van selfbeskikking so suiwer en kosbaar te koester dat ons mekaar dadelik moet aanspreek indien ons onsself aan rasbeheptheid skuldig maak.

Met hierdie vereiste moet ons ook ander basiese regte toepas: Vermy 'n denkskool en praktyk om te diskrimineer teen, maar fokus eerder om te bou vir. Om wel op kultuur en taal (en in Orania voeg ons geloof by) te fokus is egter ontvanklik binne die reg, veral die internasionale reg. Laat dit ons fokus wees.

- **Onrealisties wees met die "alles of niks" ingesteldheid** en op hierdie stadium eise instel en deurvoer vir 'n graad van selfbeskikking waaraan ons regtens nog nie voldoen nie.

Die voorwaarde wat sommige stel dat selfbeskikking slegs oor die hele Suid-Afrika of die hele Noord-Kaap moet strek, anders wil hulle eerder niks hê nie, is onrealisties. Dit is nie hoe selfbeskikking werk nie. Die verdrywing van ander mense uit 'n gebied wat nie deel van 'n groep wat op selfbeskikking aanspraak maak uitmaak nie, is gewoon onwettig en onbestaanbaar. Die insluiting van sodanige mense bring ons terug by die noodwendige

mislukking wat volksvreemde arbeid inhou. Die beter benadering is om 'n realistiese omskrywing van ons grondgebied te formuleer en wat aan ons veral in die toekoms die nodige beweegruimte bied. Die volgende as konsep omskrywing bied 'n meer realistiese en wettige benadering:

> *Ons grondgebied is in oppervlakte so groot as die gebied wat Afrikaners, volhoubaar en wettig, demografies en ekonomies kan beheer en verdedig. Enigiets meer as dit beteken weer noodwendige verlies.*

- **Onrealisties wees en wil oorlog voer.**

Enige denke van oorlog is nutteloos aangesien dit eenvoudig niks help nie: Ons aanspraak op 'n erkende en legitieme vorm van selfbeskikking is dan daarmee heen. Mag ons egter onsself verdedig? Ja, maar mag ons nooit in daardie omstandighede opeindig nie. Gelukkig is Oraniërs verantwoordelik en word hierdie tipe gedagtes nie in die gemeenskap toegelaat nie. Dieselfde ingesteldheid om die verkeerde en onlogiese te vermy moet ook onder Afrikaners met gedagtes van rasbeheptheid of ekstremisme duidelik na vore tree en ook sterk veroordeel word.

Ons kan gerus ook na die regsvereistes vir eksterne selfbeskikking kyk. Dit is in aansluiting tot die kernvereiste. In uitbreiding op die kernvereiste en vir die vereistes om eksterne selfbeskikking te vestig:

1. Uitsonderings op die erkenning van territoriale integriteit:
   - 1.1 Slagoffer van aggressiewe oorlog teen die betrokke volk.
   - 1.2 Onderdrukking, menseregte-vergrype teen die betrokke volk.
   - 1.3 Demokratiese deelname word geweier, ontkenning van regte, diskriminasie teen die betrokke volk.
2. Dit moet op 'n vreedsame wyse geskied, nie by wyse van aggressiewe oorlogvoering of geweld nie.
3. Die demokratiese wil van die meerderheid binne 'n bepaalde grondgebied om selfbeskikking te kry word benodig.
4. Interne remedies is uitgeoefen. *Internasionale erkenning volg gewoonlik eers waar aangetoon kon word dat 'n volk reeds alle interne remedies uitgeput het.*
5. Die nuwe staat moet voldoen aan die kriteria van 'n staat:
   - 5.1 Beskik oor voldoende permanente burgers om 'n lewensvatbare staat daar te stel.
   - 5.2 Gedefinieerde grondgebied met beheer oor grense.
   - 5.3 Effektiewe regering met interne en eksterne erkenning.
   - 5.4 Vermoë om verhoudinge met ander state aan te gaan.
6. Internasionale erkenning, met voorwaarde dat aan die internasionale reg met klem op die erkenning van menseregte voldoen word. *Die internasionale rolspelers gee nie graag erkenning aan nuwe state wat van meet af rampokkerstate is nie.*

Sovêr dit eksterne selfbeskikking aangaan, volg ons in Orania 'n vreedsame roete en het ons moontlik die demokratiese wil van die meeste inwoners om onafhanklik te wees, maar ons het nog nie al ons interne remedies uitgeoefen nie, ons voldoen nie aan die kriteria van 'n staat nie (veral ten aansien van getalle), die omstandighede vir 'n uitsondering op die uti possidetis-reël bestaan nog nie en kan ons ook eenvoudig nog nie internasionale erkenning vir eksterne selfbeskikking ontvang nie.

Die vereistes vir die daarstel van eksterne selfbeskikking volg op die kernvereiste en sal eksterne selfbeskikking nie moontlik wees waar die kernvereiste afwesig is nie. Ons moet derhalwe vir hierdie oomblik hoofsaaklik op die kernvereiste fokus. Dit beteken ons moet daadwerklik bereid wees om te werk aan interne selfbeskikking. As ons dít nie eens kan regkry nie, help dit nie ons praat van 'n volkstaat nie. Dan probeer ons om van niks na alles te spring, om die onlogiese en die onrealistiese te wil vermag. Dit is nie die verantwoordelike en volhoubare wyse waarop Orania vir ons volk selfbeskikking wil bereik nie.

### *I: Wat word gedoen om selfbeskikking teen te werk?*

Waar ons prakties en daadwerklik aan selfbeskikking meewerk en nie bloot daaroor gesels nie, moet ons nie vir een oomblik dink dat ander rolspelers wat vyandig teenoor ons ideaal staan bloot sal terugstaan en nie ons ideaal probeer kelder nie.

Daar is 'n ryke verskeidenheid akademiese artikels oor die metodes wat state en ook ander rolspelers inspan om 'n aanspraak op selfbeskikking teen te werk. Hoekom sal ons hierna wil kyk? Want dit is nodig dat ons as Afrikaners wat positief oor 'n beter en meer regverdige toekoms vir ons nageslag is, op die minste ingelig is nie net van die vereistes waaraan ons moet voldoen nie, maar ook die tekens kan raaksien waar daar gepoog word om hierdie vereistes waaraan ons moet voldoen te kelder.

Die metodes toegepas hang egter af van welke vlak die poging tot (eksterne) selfbeskikking gevorder het. Die vlakke kan, breedweg, soos volg beskryf word:

- Die eerste vlak word beskryf as die vorming van 'n groepsidentiteit.
- Die tweede vlak is mobilisasie van die groep.
- Die derde vlak is opstand teen die staat.
- Die vierde vlak is internasionale erkenning.

Dit kan terloops vermeld word dat hierdie vlakke van selfbeskikking ook belangrik in ons eie optrede is, aangesien ons sekere goed eenvoudig nie kan doen as ons nog nie op daardie vlak is nie. Aangesien ons op die oomblik hoofsaaklik besig is met die mobilisasie van Afrikaners vir selfbeskikking, 'n proses wat baie lank kan duur, is dit sinneloos en ook teenproduktief om as voorbeeld nou op internasionale erkenning van 'n nuwe staat te wil aandring. Dit is objektief en realisties beskou nie die vlak waar ons nou is nie. Die wyse waarop Orania tereg met spesifiek die Suid-Afrikaanse staat moet omgaan is meer gebalanseerd en gesond in die benadering om met wedersydse respek mekaar se posisie te erken en daarop te verbeter.

Vir 'n volk om selfbeskikking te verkry moet daardie volk op elke vlak of stap suksesvol wees, maar 'n staat of ander rolspelers hoef maar net met een stap daarin suksesvol wees om die proses te ontspoor.

So waarop sal daar gewoonlik gefokus word om teenstand teen die stappe van selfbeskikking te bewerkstellig? Op die regsvereistes by die kernvereiste en later die bykomende vereistes soos bespreek. Indien verhoed kan word dat ons aan die kernvereiste van selfbeskikking voldoen, kan Orania eenvoudig nie op die pad van selfbeskikking vorder nie.

Kom ons maak dit prakties op die regsvereistes soos reeds uiteengesit. Ons teenstanders sal, hetsy met eksterne- of interne pogings (dus ook binne en vanuit Orania), poog om een of meer van die volgende te verhoed:

- Dat Afrikaners se reg op ’n taal- en kultuurgrondslag gevestig word.

  Daar kan byvoorbeeld gemaak word of ons strewe oor ras gaan. Sekere politieke partye probeer reeds om hierdie metode teen ons in te span. ’n Rasse-insident kan veroorsaak word of rassisme kan aangeblaas word. Dit sal nie vreemd wees indien ons teenstanders pogings aanwend om binne Orania ’n beheptheid met ras te bevorder nie.

  Oraniërs het egter almal met hul Verblyfreg skriftelik bevestig dat ons strewe op ’n gesonde grondslag ondersteun word en sal enigeen wat van Orania ’n rasgedrewe dorp probeer maak inderdaad niks anders bereik as om ons teenstanders se saak teen ons te bevorder nie.

- Dat Afrikaners in groter getalle in een gebied vestig.

  Ons teenstanders sal wil verhoed dat Orania groei en enige strategie om Afrikaners in groter getalle in Orania te vestig kritiseer of ons eie mense aanpor om teen sodanige strategie in opstand te kom.

  Gelukkig is Orania se strategie om verder te groei sterk gevestig en ontvang die oorgrote meerderheid inwoners se steun, juis omrede dit onder andere ook ekonomiese voordele inhou.

- Dat Orania se instellings uitgebou en versterk word.

  Ons teenstanders sal pogings aanwend om ons instellings se geloofwaardigheid af te breek. So sal byvoorbeeld ons eie grondgebruikbestuursprosesse onredelik bevraagteken word, of ons eie regsprosesse sal geminag of op onbehoorlike wyse uitgedaag word.

  In ondersteuning van ons ideaal sal ons egter deurlopend ons instellings verder uitbou en versterk. Enige poging om die geloofwaardigheid daarvan af te takel is ’n poging om ons strewe na selfbeskikking af te takel.

- Dat Orania op legitieme wyse meer erkenning ontvang.

  Pogings kan aangewend word om te verhoed dat ons meer erkenning ontvang deur onnodig ’n wig by vreedsame en verantwoordelike prosesse in te dryf.

- Dat Orania die geldende reg respekteer.

  Daar kan aktief gepoog word om Orania of ons inwoners te beweeg om nie die geldende reg te respekteer nie. Dit kan verskeie vorme aanneem en sluit in gedrag wat daarop uit is om Orania se gerespekteerde benadering tot die regsomgewing te kelder. Daar is reeds voorheen na die vernietigende invloed van ’n rasbeheptheid verwys, maar is daar ook ’n veelvoud van ander voorbeelde waar sekere inwoners

mag swig voor die versoeking om ons saak op 'n onwettige basis te voer. Ons moet dit eenvoudig verhoed en daarteen waak.

- Dat Orania nie geweld aanwend nie.

  As voorbeeld, kan ekstremisme of geweld bevorder of uitgelok word. Dit is 'n manier hoe ons strewe na selfbeskikking gekelder sal word en ook die rede hoekom Orania so sterk standpunt hierteen inneem.

- Dat Afrikaners die reg op selfbeskikking opneem.

  Om 'n algemene gevoel van moedeloosheid gevul met negatiewe kritiek teen ons instellings, leierskap, strategiese vennote en gemeenskap te bevorder is 'n hoogs effektiewe wyse waarop ons ideaal na selfbeskikking gekelder kan word. Opbouende kritiek en samewerking word dus nie bevorder nie, maar eerder die teendeel daarvan.

Dit is nie altyd so maklik nie aangesien ons almal maar bloot mense is, maar 'n vryheidstrewende Oraniër waak teen die metodes wat wêreldwyd maar ook in Suid-Afrika ingespan word om die strewe na selfbeskikking te kelder. 'n Vryheidstrewende Oraniër is derhalwe positief en ondersteun Orania se ideaal op 'n wettige grondslag, met taal en kultuur wat ons identiteit uitmaak (nie ras nie), beskerm en bevorder ons instellings, help om Orania uit te bou sodat meer mense hulself hier kan vestig, vermy onrealistiese en onwettige uitsprake, gedrag en idees en bou aan 'n ideaal eerder as om terug te sit en met negatiewe kritiek ons teenstanders se saak te bevorder.

Die manier hoe Orania dan ook toenemend meer en meer selfbeskikking wil bereik is op 'n wettige, verantwoordelike en volhoubare wyse. Dit is elkeen van ons se verantwoordelikheid om die kernvereiste soos hierin voorgehou deur te voer en daarby te bly.

## *J: Nie in isolasie, maar binne die werklikheid*

Soos vermeld kan die reg op selfbeskikking nie binne isolasie beskou en uitgebou word nie. Prakties kan ons nie net die kernvereiste nakom en dink dit alleen is van belang of genoeg nie.

Ons proses om te bou na meer en groeiende selfbeskikking vereis dat ons ook rekening moet hou met die geldende reg van Suid-Afrika en die ekonomiese- en politieke realiteite waarbinne ons funksioneer. Goeie en gesonde besluite sal ook aan hierdie aspekte deurlopend aandag skenk. Mense wat sou verwag dat Orania 'n klein dorpie in isolasie moet wees, het ongelukkig nie hulself tot die strewe van selfbeskikking verbind nie. Dit is ook nie realisties nie, aangesien ons nie onsself vir die werklikheid blind kan hou nie. Orania is binne die Suid-Afrikaanse politieke-, regs- en ekonomiese landskap en moet hierdie werklikheid verreken.

Indien ons die kernvereiste vir selfbeskikking verreken, spreek dit sovêr dit 'n realistiese strategie binne die werklikheid aangaan tot 'n logiese gevolgtrekking: Orania moet groei, Orania moet ontwikkel. Dít natuurlik binne die landskap waarin Orania verkeer.

## *K: Die ingesteldheid wat ons benodig*

Daar is nog een woord oor ons ingesteldheid wat gespreek moet word. Dit is nie 'n ingesteldheid wat ons terughou nie, maar die een wat ons benodig. Wat vereis word vir 'n

oop gemoed en ware wil om selfbeskikking vir ons volk te bereik, is die besef dat Orania nie aan ons behoort nie, maar aan ons nageslag. Vryheid vereis 'n opoffering in ons tyd om die voordeel daarvan vir ons nageslag te bewerkstellig. Dit kan ook nie anders nie: Die woorde "ideaal" en "strewe" spreek van 'n verwagting in die toekoms waaraan ons vandag werk en bou. Indien Orania egter oor die eie ek gaan, is ons bereid om besluite te neem wat teen die beginsels van selfbeskikking ingaan. Sodanige besluite bied aan ons hoogstens kortstondig 'n kwasi-gevoel van vryheid of veiligheid, maar berokken aan die ideaal van selfbeskikking op die langer duur wesenlike skade.

Selfbeskikking kan ten laaste nie van ons geloof geskei word nie. Dit moet 'n geloofsaak wees, nie omrede ons vryheid van iets soek nie, maar juis vryheid vir: Om as verloste volksgemeenskap die besluite tot vrye aanbidding te maak en plekmatig uit te voer.

Voormelde is 'n baie kort en vereenvoudigde uiteensetting van die reg op selfbeskikking. Dit is egter reeds oorweldigend en kan mens moedeloos laat indien jy waarneem wat ons werklik te doen staan. As ons hierdie stryd met dieselfde vaste geloof aanpak soos ons voorouers in veel erger en meer uitdagende omstandighede gedoen het, kan daardie moedeloosheid met genade in vasberadenheid omgeskakel word.

Ons moet ten laaste oor een aspek baie eerlik wees: Ons moet met dankbaarheid die genade raaksien. Die genade om selfbeskikking te mag nastreef. As ons God se hand in Orania sien en beleef, kan ons met vasberade geloof ook ons strewe na selfbeskikking uitleef. In Sy genade is enigiets moontlik.

Laat ons dan ook met die regte ingesteldheid eerlik en realisties oor ons strewe vir selfbeskikking wees en daaraan meewerk om ingevolge die regsvereistes waaraan ons moet voldoen die volgende hier in Orania verder uit te bou:

- Ons moet Afrikaners op 'n taal- en kultuurgrondslag (nie volgens ras nie) vestig;
- Ons moet Afrikaners in groter getalle binne en rondom Orania (bepaalde gebied) vestig;
- Ons moet ons instellings uitbou en versterk terwyl ons hul geloofwaardigheid beskerm;
- Ons moet op legitieme wyse aanhou poog om nog meer erkenning te ontvang;
- Ons moet die geldende reg respekteer en nie onsself aan menseregte-vergrype skuldig maak nie;
- Ons moet nie onsself aan geweld skuldig maak nie; en,
- Ons moet ons reg op selfbeskikking "opneem".

Adv. Jan van Zyl

***Bronnelys***

*In die samestelling van hierdie inligtingstuk is van onder andere die volgende bronne gebruik gemaak:*

*Acemoglu, D & Robinson, J. 2012. Why Nations Fail: The Origins of Power, Prosperity and Poverty. Eerste Uitgawe. Profile Books: Londen.*

*Anderson, A. 2023. Who Are The "Peoples" Entitled To The Right Of Self-Determination? In: The Routledge Handbook of Self-Determination and Secession. Red. Griffiths D, Pavković A & Radan P. Routledge: New York.*

*Burns, E. 2024. Remedial Secession in International Law: Reconciling Self-Determination with State Sovereignty, Auckland University Law Review, 30, bl. 107–136. https://research.ebsco.com/linkprocessor/plink?id=f7a2ec6e-72f2-3b42-aee0-f671227e1ca2. Gebruik: 7 Mei 2025.*

*Cheadle, M. 2002. South African Constitutional Law: The Bill of Rights. Eerste Uitgawe. Butterworths: Durban.*

*Currie, I. 2001. The New Constitutional & Administrative Law. Volumes 1 & 2. Hersiene uitgawe. Juta Law: Lansdowne.*

*Davies, S., Pettersson, T. & Öberg, M. 2023. Organized violence 1989-2022 and the return of conflicts between states. Swede: Upsala Universiteit. Uppsala Conflict Data Program. Aanlyn: https://ucdp.uu.se/downloads/charts/. Gebruik: 7 Mei 2025.*

*De Waal, J., Currie, I. & Erasmus, G. 2001. The Bill of Rights Handbook. Juta & Co: Lansdowne.*

*Dugard, J. 1996. Documents on International Law. Eerste Uitgawe. Juta & Co: Kenwyn.*

*Dugard, J. 2000. International Law: A south African Perspective. Juta & Co: Kenwyn.*

*Dunn, K. 2019. Inside African Politics. Eerste Uitgawe. Lynne Rienner Publishers: Londen.*

*Ebobrah, S & Tanoh, A. 2010. Compendium of African Sub-Regional Human Rights Documents. Eerste Uitgawe. PULP: Pretoria.*

*Grotic, V. & Kasipovic, D. 2013. The Right to Self-Determination - The Kosovo Case before the International Court of Justice. Zbornik Pravnog Fakulteta Sveucilista u Rijeci, 34(2), bl. 895–910. https://research.ebsco.com/linkprocessor/plink?id=7b834f62-a1bb-3ac5-a69c-9bf1348cb0f5. Gebruik: 10 Mei 2025.*

*Heyns, M. 2023. Saamleef-mosaïek: 'n samelewingsfilosofie. https://diespens.akademia. ac.za/pluginfile.php/501501/mod_resource/content/0/Heyns%20Samelewingsfilos.pdf. Gebruik: 1 September 2023.*

*Heyns, C & Killander, M. 2010. Compendium of Key Human Rights Documents of the African Union. Vierde Uitgawe. PULP: Pretoria.*

*Heywood, A. 2019. Politics. 5de uitgawe. New York: Red Globe Press.*

*Iguh, N. & Alita, M. 2022. Critical Examination of the Concept of Right in Right to Self-Determination under International L.a.w. Law and Social Justice Review, 3(3), bl. 43–49. https://heinonline.org/HOL/Page?public=true&handle=hein.journals/lwadsljerw3&div=59&collectioc=journals. Gebruik: 10 Mei 2025.*

*In re: Certification of the Constitution of the RSA 1996 4 SA 744 (KH) par. 106.*

*Jovanovski, Z. 2022. The Right to Self-Determination in International Law - Historical Perspectives. https://heinonline.org/HOL/Page?public=true&handle=hein.journals/cnopsfmt2022&div=11&collectcol=journals. Gebruik: 10 Mei 2025.*

*Khanna, P. 2014. Dismantling Empires through Devolution. Atlantic. www.theatlantic.com/international/archive/2014/09/stronger-than-democracy/380774. Gebruik: 12 Mei 2025.*

*Kreienkamp, J. 2017. Responding to the global crackdown on civil society. https://www.ucl.ac.uk/global-governance/sites/global-governance/files/policy-brief-civil-society.pdf. Gebruik: 7 Maart 2022.*

*Kurtanidze, D. 2023. Right to Self-Determination, Territorial Integrity and Some Aspects of Unilateral Secession in Modern International Law. Herald of Law, 2023(8), bl. 89–116. https://research.ebsco.com/linkprocessor/plink?id=788c1f52-a81a-3581-b5ce-0e678b94f13a. Gebruik: 12 Mei 2025.*

*Le Roux, P. 2020. Danie Goosen se Tusseninstellings anderkant Robert Nisbet. In: Malan, K., Rossouw, J. & Boshoff, C. (red.). Knooppunte: Opstelle vir en oor Danie Goosen. Eerste Uitgawe. Pretoria: Akademia Uitgewery.*

*Lofton, B. 2023. Peacebuilder: Twenty-One Lessons From Northern Ireland. Aanlyn: https://emu.edu/now/peacebuilder/2009/02/twenty-one-lessons-from-northern-ireland/. Gebruik: 24 April 2025.*

*Mahmoud, Y., & Makoond, A. 2017. Sustaining Peace: What Does It Mean in Practice? International Peace Institute. Aanlyn: http://www.jstor.org/stable/resrep09504. Gebruik: 8 Mei 2025.*

*Malan, K. 2020. Die Ontoereikendheid van Staatlik-Individualistiese Konstitusionalisme. In: Malan, K., Rossouw, J. & Boshoff, C. (red.) Knooppunte: Opstelle vir en oor Danie Goosen. Akademia Uitgewery: Pretoria.*

*Malan, K. 2019. There is no Supreme Constitution – A Critique of Statist-individualist Constitutionalism. African Sun Media.*

*Malan, K. 2004. Kritiese Ontleding van die Belangrikste Strominge in die Selfbeskikkingsdiskoers in die Kontemporêre Internasionale Reg. Journal of South African Law, 2004(3), bl. 482–497. https://research.ebsco.com/linkprocessor/plink?id=a3c48b91-d4a5-3bcf-bbbd-d7c0df9550c5. Gebruik: 24 April 2025.*

*Malan, K. 2006. Die Politiek van Selfbeskikking: Selfbeskikking en die Grondwet. Internetartikel: Vrye Afrikaan adres: http://www.vryeafrikaan.co.za/lees.php?id=447. 2006.*

*Marshall, T. 2021. The Power of Geography, Ten Maps that Reveal the Future of our World. Eerste Uitgawe. Londen: Elliot and Thompson Limited.*

*Okeke, C. 2022. In Search of Consistency in International Law on the Right to Self-Determination, Non-Interference, and Territorial Integrity. Technium Social Sciences Journal, 34, bl. 331–346. Gebruik: 9 Mei 2025.*

*Orentlicher, D. & Halperin, M. 2024. "We Did That": The United States' Role in Preventing the Chagos Archipelago from Exercising the Right to Self-Determination. Temple International & Comparative Law Journal, 38(2), bl. 51–64. https://papers.ssrn.com/sol3/papers.cfm?abstract_id=4578146. Gebruik: 6 Mei 2025.*

*Preston, P. 2017. The scars of Catalonia. New Statesman, 146(5395), bl. 28–33. https://research.ebsco.com/linkprocessor/plink?id=a3222e10-8b08-37c2-9ea2-86007e0af646. Gebruik: 12 Mei 2025.*

*Reynolds, A. 1999. A Constitutional Pied Piper: The Northern Irish Good Friday Agreement. Political Science Quarterly. Vol. 114(4): 613–637. Aanlyn: https://doi.org/10. 2307/2657786 . Gebruik: 24 April 2023.*

*Ronen, Y. 2024. Occupation, the Right to Self-Determination, and the Law. Japanese Yearbook of International Law, 67, bl. 296–332. https://heinonline.org/HOL/Page?public=true&handle=hein.journals/jpyintl67&div=17&collection=jjournal. Gebruik: 23 April 2025.*

*Senekal, B. 2021. Die eerste 40 jaar van Orania. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 61(2), bl. 526–550. https://journals.co.za/doi/abs/10.17159/2224-7912/2021/v61n2a8. Gebruik: 12 Mei 2025.*

*Sethi, S. 2021. Analyzing the Concept of Right to Self-Determination in International Law. Indian Journal of Law and Legal Research, 2(2), bl. 1–17. Gebruik: 10 Mei 2025.*

*Shand, W. 2015. Defining Institutions. In: Exploring institutional change: The contribution of co-production to shaping institutions (bl. 6–8). International Institute for Environment and Development. Aanlyn: http://www.jstor.org/stable/resrep18045.4. Gebruik: 18 Oktober 2023.*

*Sparks, T. 2023. Self-Determination in the International Legal System. Eerste Uitgawe. Bloomsbury Academic: Londen.*

*Tacik, P. 2024. Legal Form of Self-Determination in International Law. Polish Review of International and European Law, 13(2), bl. 9–42. doi:10.21697/2024.13.2.01. Gebruik: 8 Mei 2025.*

*Upsala Konflik Data Projek. 2023. Swede: Upsala Universiteit. Departement van Vrede en Konflik Navorsing. Aanlyn: https://ucdp.uu.se/encyclopedia. Gebruik: 25 April 2025.*

*Uzoka, N. 2024. Human Rights and State Sovereignty vis-a-vis Principles of Self-Determination in International L.a.w. International Review of Law and Jurisprudence, 6(1), bl. 79–85. https://research.ebsco.com/linkprocessor/plink?id=f60317f1-bad4-302d-8e23-bbeab31c0dd0. Gebruik: 8 Mei 2025.*

*Van Wyk, D. 1994. Rights and Constitutionalism: The New South African Legal Order. Eerste Uitgawe. Juta & Co: Kenwyn.*

*Von Chamier Cieminski, P. 2020. A Look at the Evolution of the Right to Self-Determination in International Law. Bialstockie Studia Prawnicze, 25(3), bl. 117–134. doi:10.15290/bsp.2020.25.03.08. Gebruik: 12 Mei 2025.*

*Wallensteen, P. 2023. Understanding Conflict Resolution. Sesde Uitgawe. Londen: Sage.*